Publication: Son op Sondag (Oos)
Date: 24 Apr 2016
Page: 9

# Persepsies skep 'verkragkultuur'

## PATRIARGIE EN SEKSISME FLOREER IN SAMELEWING



**LYNETTE FRANCIS, aanbieder van die aktualiteitsprogram *F* op SABC2 en die geselsprogram op RSG, gee haar indrukke oor die mense wat op haar pad kom en die onderwerpe waaroor hulle gesels.**

**AS JY luister na die radio-onderhoud met Cell C se uitvoerende hoof, Jose dos Santos, en sy menings oor vroue in sy maatskappy, sal jy dalk beter verstaan waarom die verkragtings op kampusse so 'n onhoudbare situasie vir vrouestudente regoor ons land geword het. Dalk sal ons ook die diepte van die protesoptogte by Rhodes, die Universiteit Kaapstad en Stellenbosch beter verstaan.**

Die CEO se kommentaar raak aan die persepsies oor vroue en hoe hul waarde geminag en ook uitgebuit word. Dié persepsies skep 'n kultuur waar dit aanvaarbaar geword het om vroue op hul voorkoms en kleredrag te beoordeel en dan jou mag (as man) te misbruik om hulle te verkleineer, terroriseer, seksueel te teister en te verkrag.

Én hulle dan te "blameer" vir wat hulle oorgekom het, want hulle moes nie so laat gekuier het nie, so 'n kort rok gedra het of mans uitgelok het nie. By implikasie het mans nie beheer oor hul drange en keuses nie.

Vroue, so verkondig Dos Santos, het 'n "bitch switch" wat hulle in staat stel om 'n hoë vlak van geduld te hê en dat hulle derhalwe kwessies in die werkplek beter as mans hanteer.

> "Dit kan egter maklik 'switch' as hulle ontevrede is…

Dit kan egter maklik "switch" as hulle ontevrede is… en twee vroue wat baklei, is erger as twee mans, sê hy.

Hy sê die werksomgewing by sy maatskappy het verander toe hulle voormalige Mej. SA-finaliste aangestel het. Mans het beter begin aantrek en elke dag geskeer. Hulle het 60% vroue in diens.

Dit klink dalk asof hy vroue komplimenteer, maar dit weerspieël die wyse waarop baie mans na vroue kyk – ons is óf mooi ornamente óf openbaar tewerige gedrag.

Patriargie en seksisme floreer nog sterk in ons samelewing, selfs op senior vlak in "bemagtigende" maatskappye en universiteite.

Die gesloer met ondersoeke na beweerde voorvalle van verkragting op ons kampusse is 'n sprekende voorbeeld van hoe "vrouekwessies" hanteer word. Universiteite is 'n mikrokosmos van ons breër samelewing.

Die "verkragtingskultuur" op ons kampusse gaan oor praktyke, gebruike, houdings en oortuigings wat geslagsgeweld normaliseer, meen prof. Amanda Gouws.

Sy is lid van Maties se taakspan wat beweerde voorvalle van seksuele teistering en verkragting ondersoek.

Rhodes-aktiviste se protesoptrede die afgelope week is weens die ontevredenheid oor hoe universiteite beweerde verkragtings hanteer. Maties en Ikeys is self besig met hul ondersoeke na verkragting en seksuele teistering op kampus.

Weens die gesloer met ondersoeke kry jy gevalle waar slagoffers in dieselfde klasse met hul verkragter sit.

Die persepsie van die "boys club" wat mekaar beskerm, word verder versterk as universiteitsbesture nie vinnig genoeg optree nie. Beleide moet hersien word en oortreders wat skuldig bevind word aan seksuele oortredings, moet gestraf word.

Voorstelle dat vroue selfverdedigingskursusse moet kry om hulself teen aanvallers te beskerm of langer rokke moet aantrek, plaas weer die onus op vroue om hulself te beveilig.

**SMS JOU MENING OOR DIÉ STORIE AAN 32466**

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission